# OORDENKING : EERSTERANGSE GENADE

*deur Stephan Joubert (E-Kerk)*

Doer in die jaar 1077 het keiser Hendrik IV dit gewaag om pous Gregorius VII se gesag uit te daag. Hy het egter die stryd verloor. Toe moes hy in Rome persoonlik gaan askies sê. Daar aangekom, het die pous hom 'n volle drie dae lank kaalvoet in die wintersneeu laat staan - net sodat die keiser darem sy stukkie genade kon verdien. **Gelukkig is God nie so ongenadig soos sekeres van ons nie. Hy laat ons nooit ons eie genade verdien nie. Hy gee sy goedheid sommer verniet én vooruit weg.** Die Here laat ons nie eers vir 'n hele lewe lank in die koue rondstaan om darem te voel hoe nodig ons Hom het voordat Hy ons genadig is nie.

Daardie sneeustaan-ding het Jesus al lankal namens ons almal by Golgota gedoen. Christus het die ergste winterkoue reeds om ons ontwil aan die kruis deurstaan. Al ons gebreke, foute en oortredings het Hy daar namens ons op sy skouers getel. Nou hoef ons dit nie meer self te dra nie. **Daarom is hemelse genade nou verniet. God gee dit dadelik gratis weg aan elke genadebedelaar wat op sy hemelse voorstoep opdaag**. Hy maak die deure van die hemelse feessaal net daar oop vir elkeen wat verkluim van die koue. Hy trek vir hulle feesklere aan wat spierwit gewas is in die bloed van die Lam, soos wat Openbaring 7 vertel.

**Weet jy van genade? Ken jy daardie winterkoue, maar ook die nuwe hemelse feestafel? Wel, dan is dit tyd om fees te vier... <u>O ja, en om ander uit te nooi</u> na die fees van 'n leeftyd.**

**Gebed**
Heer dankie dat U goedheid verniet is
En dat dit vir altyd hou!
Dankie dat U my gered het toe ek nie gered wou word nie
En my tot in die verste ewigheid U s'n gemaak het
Dit alles omdat Christus ook my swaar laste Golgota toe gedra het
Daarom loof en prys ek U vandag
Amen

***Kom ons gaan vertel ander van die Here se genade wat ook vir hulle bedoel is – Ds Leon Tait***



Maandblad NG Rietfontein-Suid
Die Rietfluit
Christus alles in almal!
SEPTEMBER 2011

## Hoe groei kinders van God die meeste ?

Dat *Christus alles in elkeen* van ons sal wees, is die mikpunt waartoe Paulus ons uitdaag! Dit is ook ons jaartema en sal volgende jaar ook steeds ons mikpunt wees.

Die groot vraag is: ***hoe kan ons die meeste op hierdie groeipad vorder?***

Natuurlik is daar sommer baie dinge wat 'n mens kan help op hierdie groeipad bv. erediensbywoning, betrokkenheid by die gemeente se aktiwiteite, doen sekere dinge saam met ander lidmate, gee van dankoffer, gee vir barmhartigheid of sending of 'n ander verdienstelike saak, Bybelkennis, gebed, regte hantering van beproewinge ens.



Navorsers het by christene oor die wêreld heen probeer vasstel wat het *volwasse christene* dit wil sê, christene wat ***Christusgesentreerd lewe*** in gemeen en wat het hul die meeste gehelp om geestelik te groei tot volwassenheid.

Hier is navorsers se bevinding in volgorde van belangrikheid:

**1 Stilte tyd**

Nie truuks of vinnige kitsreseppies nie! Die heel belangrikste bly om elke dag met God stil te word. Om sistematies deur die *Bybel* te werk en daagliks oop te wees vir God om met my te praat. Die heel belangrikste is dan dat ek nie net Bybelkennis versamel nie maar met God ontmoet en Hom *gehoorsaam*! Gehoorsame christene is groeiende christene! Wesenlik deel van stilword met die Here is *gebed.* Om elke dag in stilte te bid saam met my Bybelstudie, is kernbelangrik vir groei! Gebed is nie beperk tot stilte tyd nie, maar is 'n lewe van kantak en gemeenskap met die Here die heeldag deur.

**2 Gesinne wat saam met die Here leef**

Wanneer gesinne bewustelik in alles wat hul doen rekening hou met die Here se teenwoordigheid en Sy wil, het dit 'n groot impak op die gesinslede se geestelik groei. Waar pa en ma voortdurend van die Here praat en geloofwaardig strewe om Hom in alles te gehoorsaam het dit ' n groot invloed op die res van die gesin. Die mate waarin ouers die groot liefdesopdrag van die Here, binne (en buite) die gesinskring uitleef, skep dit 'n gunstige groeiklimaat. Deur Christusliefde in die gesinskring prakties met woorde, dade en gesindheid te bewys, bevorder dit geestelike groei. Daar is geen beter kweekhuis vir geestelike groei as die gesin nie! NIe die kerk of die skool of enigiemand anders kan die ouer se geloofstaak oorneem of beter vervul nie.

**3 Meelewing in 'n omgeegroep**

Mense wat by omgeegroepe inskakel en aktief meeleef met die groep, groei dikwels geestelik meer as die wat in isolasie en op hul eie die geloofspad probeer loop. Die interaksie en voorbeeld binne die omeegroep is 'n kragpunt van ondersteuning en motivering tot groei asook modellering van hoe Christusliefde lyk. Binne die omgeegroep hou boeties en sussies mekaar aanspreeklik en help mekaar op die pad van groei. Die omgeegroep is 'n veilige ruimte waar gelowiges kan waag om te praat, te dink, te bid , te bely , te vermaan en self foute te maak, sonder dat iemand skeef kyk. Dit is 'n liefdeskring van groei!

Kom ons kies en loop die pad tot maksimum geestelike groei nl. gereelde stilword met die Here, saamleef met die Here in gesinsverband en meelewing in 'n omgeegroep!

***Ds Leon van Heerden***

# !! ONTHOU DATUMS !!

- **4 Sept:** Nagmaal & Gemeente-ete
- **10 Sept:** Moot Karnaval
- **18 Sept:** Gemeente-tee
- **25 Sept:** Doop
- **30 Sept:** Skole sluit

*Sien jou daar!*




<u>BOOMSLOPING</u> en snoei van bome & struike.
Kontak Ernst by 083 656 4992

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer!
Kontak Ilze 072 111 3100


**c'nanru eiendomme**

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- Gratis waardasies
- Bemark om te verkoop
- Kwalifisering van nuwe kopers
- Lening aansoeke
- Advies om eiendomse waarde te verhoog
- Boedelwaardasies

Naómi

082-804-1200 012-331-0015






# NG Rietfontein-Suid KARNAVAL

**In samewerking met KFC Mini-Krieket**



**10 SEPTEMBER 2011**
**TYD: 07:00 TOT 14:00**
**ADELAAR RUGBYKLUB,**
**16DE LAAN, MEYERSTRAAT**
**WONDERBOON-SUID**





## <u>AKTIWITEITE:</u>

- Mini-Krieket, Boeresport, Veerpyltjies, Springkasteel & Glybaan

## <u>STALLETJIES:</u>

- Kerrie & rys, Worsbroodjies, Jaffels, Slaptjips, Koeldrank, Pannekoek,
- Spookasem, Vlooimark Stalletjies, Nagereg, Koek, Koffie & Tee, Ontbyt,
- Wit Olifant tafel, Popcorn & Skyfies, Gemmerbier & Droëvrugte,
- Woekerstalletjie en Kindertafel




***VAKANSIEVERBLYF: UMHLANGA CABANAS***

12 tot 22 September 2011

Selfsorgeenhied, 2 slaapkamers (slaap 6), 2 badkamers, groot balkon en aircon. Loopafstand van hoofstrand, ongeveer 3km van Gateway shopping centre.

**Prys: R2500**

Kontak: Mr H Zovitzkey @ 012 997 5558 of 082 471 1973

WEBWERF

## RIETFONTEIN-SUID WEBWERF:

Besoek gerus die gemeente se dinamiese webwerf. Daar is 'n klomp nuwe ontwikkellinge om te sien en ontdek.

Hierdie Rietfluit kan ook elektronies afgelaai word.

**rietfontein-suid.ng.org.za**

## PETER SWEISMAN

Ek ontwerp en doen pragtige **STAALWERK** volgens jou behoefte en spesifikasies:

- Veiligheidshekke
- Gemotoriseerde Hekke
- Diefwering
- Kunstige Staalheinings
- Blomrakke en Staanders
- Vleisbraaiers
- Afdakke
- Wat ookal



**Kontak Peter Dorfling vir 'n kwotasie:**

**076 713 2167 / 012 331 0952**

To God the Glory

# MOOT CHRISTIAN ACADEMY

- Are you serious about your child's education?
- Do you want to give your child the best education possible?
- Did you know that in the early days children read the Bible to learn?

## At MOOT CHRISTIAN ACADEMY:

- We are putting the joy of God back into education
- We are an affordable Private School for Gr 0 to Gr 12
- We are passionate about our students.
- 90% of our staff and students are Afrikaans speaking.





*We serve the Community of God*

Contact us for an interview

**012-331-8274**

admin@mootchristianacademy.co.za

On the premises of NG Rietfontein Suid, C/o Ben Swart str. and 16th Avenue



# Taakspan vir Barmhartigheid

**"Barmhartigheid is aansteeklik"** dit is die nuwe visie vir die Taakspan van Barmhartigheid.

'n Nuwe afdeling, die Eliagroep, wat tans onder hierdie taakspan resorteer het totstand gekom, deur Ds. Leon van Heerden, wat geroepe gevoel het om depressieleiers by te staan met hul probleme.

Daar is 'n geweldige nood onder mense in die gemeente en in die gemeenskap wat gebuk gaan onder depressie in verskillende vorms bv. Maniese, Endogene, Biopolêre, Primêre, Sekondêre depressie, ens. en ook vanweë verkeerde gebruik van depressante.

Vertroosting en raad word aangebied deur voorbeelde uit die Bybel. Ondersteuning word gebied deur met mekaar te deel, ander se lewens voor te hou, hulpbronne word met mekaar gedeel en vriendskappe ontstaan.

Die groep kom nou weer op Woensdae oggende om 5:30, in die Oase bymekaar.

Indien u weet van iemand of dalk self hulp nodig het, is u welkom om te kon aansluit of Ds. Leon van Heerden te kontak by 083 660 1803



You are brave .... when you overcome your fear and help others to do the same

# TAAKSPAN VIR OMGEEGROEPE

**KAN OMGEEGROEPE 'N VERSKIL IN ONS GEMEENTE MAAK?**

*Die antwoord: Beslis.*

**KAN OMGEEGROEPE 'N VERSKIL IN DIE MOOT MAAK?**

*Die antwoord: Ongetwyfeld.*

Deur eienaarskap te neem deur te sorg dat daar GROEI of VERANDERING plaasvind deur middel van onder andere *verhoudingsbou* en *transformasie*. Elkeen het 'n spesifieke rol om te speel om verandering van mense en instellings teweeg te bring deur betekenisvolle verhoudings om aan te sluit by God se sending in die wêreld.

Om te onderskei waar die Heilige Gees aan die werk is en daarby aan te sluit. Die Heilige Gees bring verandering hetsy onmiddellike verandering of oor 'n leeftyd. Ons kan sensitief wees waar die Gees werksaam is sodat verandering wel kan plaasvind.

Deur verandering te omhels en op 'n verantwoordelike wyse daarop te reageer, want God werk in die verandering. 'n Beweging uit lidmate/omgeegroepe moet dinge laat gebeur want verandering is onvermydelik.

"n Omgeegroep kan 'n agent word vir die armes en mense in nood in ons gemeente sowel as in die gemeenskap. Ons kan spoorsnyers wees om nood te identifiseer en 'n verskil te maak sodat ons 'n sagter plek kan skep in ons gemeente en omgewing.

Deur mekaar en ander toe te rus om 'n verskil te maak en Christen te wees waar ons ookal is. Geestelike groei impliseer dat ons nie sal alleenlik sal WEET wat Jesus gedoen het nie, maar sal DOEN wat Hy gedoen het.

Deur mekaar en ander te leer ken sodat ons afstande kan oorbrug om hegte verhoudings te bou onder mekaar en oor grense heen. Werklik vir mekaar om te gee en geduld met mekaar te hê - ruimte te laat vir foute maak.

Ons kan KGB agente word:

**K – Kontak** te maak met ten minste een persoon. Sy storie te leer ken en 'n pad met die persoon te loop.

**G – Gee** deur regtig betrokke te raak - 'n verskil te maak in die persoon se behoeftes.

**B – Bandjie** te dra wat ons daaraan *herinner* om te bid vir die persoon en om ook kontak te maak.

**"Behandel mense asof hulle is wat hulle behoort te wees – en jy help hulle om te word waartoe hulle in staat is" – Professor Nelis Niemann**

*(Artikel saamgestel deur aantekeninge (Prof Nelis Niemann en Ds Jaco Strydom))*

***Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil begin, kontak asseblief:***

***Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591***



# Rietfontein-Suid Woekerprojekte 2011

## 15 MEI TO 25 SEPTEMBER 2011

| NAAM & TELL. | BESONDERHEDE |
|---|---|
| Leon & Monique Tait 0826014235 & 0829204528 | Heerlike Gemmerbier @ R12.00 per 2Lt |
| Stephan & Ruan - 0829204528 | Baba Hamsters @ R15.00 |
| Gerda & Monique 0823388298 & 0829204528 | Kraleklasse |
| Thomas Omgeegroep - 0823729803 | Braaihoender en slaai by kerk |
| Andreas Omgeegroe - 0721202952 | Poeding verkope, maandeliks |
| Arné Oelofse - 0760305222 | Jasse |
| Rudolph de Beer - 012 3300269 | Afval-aand. Bespreek nou vir Augustus maand |
| Yvonne Adlam - 012 3311068 | Pannekoek |
| Hennie du Plessis - 0823775965 | Handgemaakte glas Poppies |
| Koenie Goosen - 084 652 8773 | Gesondheidsbeskuit & Karringmelkbeskuit |
| Johanna Gibson - 012 335 9215 / 083 280 0039 | Vetkoekies @ R30.00 Pragtige gehekelde kruisieboekmerke @ R2 & R5 |





Kom ons gee almal nog hiedie laaste maand van die woekerprojek ons beste.